

## Sing vooraf staande: Psalm 23:2 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsvare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
krachtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 68:3 (p. 331)

- 3 Hoog bo die onreg wat hier woel, / staan God se heil'ge regterstoel, van waar Hy in ontferming  
die weduwees hul reg verskaf, / die wees se onderdrukkers straf / en waak tot hul beskerming.  
Wie eensaam is, hom stel Hy in / die volheid van 'n huisgesin. / Hy breek die slawebande  
van wie hier in gevang'nis smag; / Maar wie Hom hoon in sy gesag, / dié woon in dorre lande.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

## Psalm 25:6 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 25:8 (p. 117)

- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;  
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;  
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Skriflesing: Handeling 8

Teks: Handeling 8:26

... **dit is 'n eensame pad** ... (Handeling 8:26 AFR53)

Waar Soedan vandag is, was daar in die tyd toe die Here Jesus gekruisig is, 'n land wat toe  
Ethiopië genoem is.

- Die land was destyds geregeer deur 'n reeks koninginne wat almal die titel Kandacé  
gehad het, net soos die regeerders van Egipteland almal Farao's was.

Ethiopië se minister van finansies was op reis van Jerusalem af terug na sy land toe. Op 'n eensame pad. Dié woorde het hier 'n baie sterk betekenis.

- Dit beskryf nie net die pad wat verlate was nie.
- Dit beskryf ook die man se eensaamheid omdat hy werklik na God gesoek het, maar in die alleendonkerheid van onbegrip vasgevang gesit het.

Hierdie man het 'n baie sonderlike geskiedenis gehad.

- In die eerste plek was hy 'n eunug.
- Die koninginne van destyds het hulle eie veiligheid gewaarborg deur alle manne wat in hulle paleise diens gedoen het, te laat ontman.

Toe het hierdie man met die Joodse godsdiens deurmekaargeraak, en hom ook hier vasgeloop, want 'n eunug mag nie saam met die manne in die tempel ingegaan het nie.

- Nou is hy op pad terug, met die Bybel in sy hand.
- Hy lees hardop uit die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament, maar hy verstaan nie wat hy lees nie.

Dan stuur die Here vir Filippus na die kamerling toe. Filippus was juis in daardie tyd daar in Samaria, want hy moes soontoe vlug.

Kyk nou na al die dinge wat belangrik is.

- Die Here roep Filippus om die evangelie te gaan verkondig.
- Hy kry die spesifieke opdrag om na hierdie man toe te gaan – hierdie man wat tot bekering gekom het.

Nou net 'n gedagte: Watter rol speel die feit dat hy juis op reis was toe die Here hom bekeer het?

- Hy was op pad weg van die tempel af maar steeds besig om met God te worstel.
- Hy wil God ken en aanbid, maar hy het uit homself geen krag om die deksel van God se openbaring op te lig sodat hy kan deurbreek na God toe nie.
- Hy sê dit ook self in vers 31:

**Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?** (Handelinge 8:31 AFR53)

Filippus en hierdie man het baie lank gesels.

- Hulle het maar net by die gedeelte wat die man uit Jesaja gelees het, begin.
- Maar hulle het ook oor die Here Jesus en oor die uitbreiding van die kerk gesels en Filippus het dit alles aan hom verduidelik.

Dit staan nie in soveel woorde hier geskryf nie, maar dink net logies: Waarom sou die man dan aansoek gedoen het om gedoop te word as Filippus dit nie ook aan hom verduidelik het nie?

- Hy het dus verstaan waaroor die doop gaan.
- Daarom het hy hierdie groot begeerte in hom ervaar; hy wil gedoop word.
  - Hy wil deel hê aan die verlossing van die Here Jesus Christus.
  - Hy wil ook in hierdie verlossingsverbond ingesluit wees.

By volwassenes is die doop in dié sin 'n probleem dat dit nie enige een is wat sommer net gedoop kan word nie.

- Hulle moet eers weet waaroor alles gaan – hulle moet eers belydenis van hulle geloof aflê.
- Dis dan ook presies wat hier gebeur. Toe die man die wens uitspreek dat hy gedoop wil word, moes hy eers belydenis van sy geloof doen – daarna is hy gedoop.

Nou is ons by die kruks van hierdie preek: Wat nou?

- Waar gaan die man nou heen en wat gaan hy met sy geloof doen?
- As die reis van die man enige betekenis het, hoe gaan sy geloof vorentoe beweeg?
- Pas dit toe op uself. Is jy met jou geloof en jou lewe werklik op pad na God toe?

Kom ons kyk net ter wille van volledigheid na nog 'n paar gevalle in die Bybel waar mense op reis met die Here Jesus kennis gemaak het. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde uit die evangelie soos dit deur Matteus beskryf is.

- In hoofstuk 3 word die Here Jesus se doop beskryf en in die eerste gedeelte van hoofstuk 4 die Here Jesus se versoeking deur die duiwel.
- Dan begin die Here Jesus se openbare optrede. Hoofstuk 4:17 vv:

Die Here preek dat die mense hulle moet bekeer, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

- Ons kry Hom waar Hy langs die see loop.
- Daar roep Hy die eerste dissipels.

Hulle verlaat hulle nette en volg Hom op die daad.

- Dan begin hulle pad wat in 'n sekere sin ook groot eensaamheid vir hulle bewerk het.
- Die alleenpad van glo en preek en kerke stig, terwyl die wêreld jou haat en jou lewe soek.
- Ons het dus in die dissipels 'n voorbeeld van mense wat deur die Here geroep is, en wat toe saamgegaan het op sy reis.

Maar ons het ook ander voorbeelde. Daar was mense wie se paaie met Jesus gekruis het, en wat toe glad nie beweeg het nie. Kyk vir hierdie voorbeeld na Matteus 8:18 vv:

- 'n Skrifgeleerde gee voor dat hy die Here wil volg, maar die eise is te hoog en hy draai uit.
- Dan is daar iemand wat eers wil gaan begrafnis hou en dan moet die Here vir hom ook sê dat hy nie weet waaroor dit alles gaan nie.

In Markus 5:1-20 het ons 'n geval wat nogal sterk aansluit by die een van die Ethiopiër – die besetene van Gadara.

- Hy word genees en kom tot bekering, maar hy gaan nie saam met die Here nie.
- Hierin verskil hy dus van die geval wat ons nou net genoem het.
- Maar hy is ook anders as hulle in dié sin dat hy nie soos hulle ongelowig is omdat hy voorwaardes vir sy geloof wil stel nie.

Sy reis het ook voortgegaan. Hy wou by Jesus bly, maar Hy het hom beveel om na sy mense toe te gaan en hy is toe terug in die stad in.

- Hy moes by sy mense bly om die almagtige krag van die Here Jesus daar te bly verkondig!
- In hierdie opsig is daar tussen die besetene van Gadara en die Ethiopiër 'n ooreenkoms, naamlik dat al twee met die evangelie van die Here Jesus na hulle eie mense toe gegaan het.

Mens kan byna sê dat hulle in hierdie opsig apostels was.

- Daar is natuurlik nog 'n ooreenkoms, want hulle was al twee heidene!
- Kan u dink aan die geestelike eensaamheid wat hierdie twee tussen hulle eie mense beleef het omdat hulle innerlik meteens so ver van hulle af gestaan het?

Maar dis 'n ander eensaamheid as wat hulle voor die tyd geken het.

- Kan u dink hoe eensaam 'n mens is as jy nie eers weet wat word van jou na jou dood nie?
- Die eensaamheid van die heidendom moet baie erg wees.
- In die geval van die besetene van Gadara wat snags tussen die bene van dooie mense geslaap het, was dit seker verskriklik.

*As ons teen hierdie agtergrond dink aan die eensaamheid wat die geloof bewerk as jy tussen ongelowiges is, dan moet ons ook net onthou dat hierdie eensaamheid die rykdom van God se teenwoordigheid het. Dit kon hulle nie voor die tyd gesê het nie.*

Daar is nog 'n ander geval ook wat aansluit by hierdie twee, naamlik die Kananése vrou, van wie ons lees in Matteus 15:21 vv.

- Die Here is weer op reis. Hierdie keer in die omgewing van Tirus en Sidon.
- Daar kom hierdie heidense vrou by Hom aan en smee vir genade.
- Sy smee dat sy selfs tevrede sal wees as daar net oorskietgenade na haar toe kom.

*Sy bly ook agter in die heidenland, met haar dogter wat gesond geword het, om te getuig van die Here se grote genade.*

In hierdie gevalle is daar by almal 'n grens deurbreek, want dit was óf siekte óf duiwelbesetenheid wat die Here vernietig het om daardeur die geloof te vestig.

Die Here het ook sosiale grense deurbreek om verlostes te laat deel in die geloof.

- Dink aan die bekende geval van Saggeus wat die Here wou sien, maar nie kon nie en toe gaan klim hy in die boom en wag totdat die Here verbykom (Lukas 19:1 vv).
- Treffend is die Here se woorde dat HY daardie dag by Saggeus moes tuisgaan.
- Saggeus was nie die tipe persoon met wie die elite-Jood hom graag wou vereenselwig nie.

*Die punt is net dat in die beweging iemand bekeer en saamgeneem word. Eintlik is al die mense van wie ons gepraat het op 'n geloofspad geplaas, wat in dieselfde rigting geloop het, al het hulle liggaamlik uitmekaar gegaan.*

Kyk na die Christusprediking van hierdie saak. Dit was soos wat die Ethiopiër dit gelees het, en Filippus dit ook verduidelik het.

- Die Here Jesus het deur 'n geweldige klomp eensaamheid en verdrukking gegaan.
- Sy eensaamheid was eintlik ondenkbaar groot, want hoe leef die volmaakte God dan saam met sondige mense in hulle wêreld, terwyl hulle met haat en venyn hulle dae slyt?

As ons ons eie eensaamheid wil verwerk, moet ons eers soos hierdie Ethiopiër die Here Jesus se eensaamheid verstaan.

- Want eers toe hy dit verstaan het, het sy eie verlossing in sy plek geval, en kon hy sy geloof bely, en in die gemeenskap van God ingelyf word deur die doop.

Kyk weer na hierdie man: Hy beleef 'n vertwyfeling.

- Hy verstaan nie waaroor die geloof gaan nie.
- Hy lees van Jesus se lyding, maar dit maak geen sin nie.
- Totdat hy verstaan dat die lyding van die Here Jesus 'n taakvervulling was waarin Hy God se woede en grimmigheid oor al die gelowiges se sondes moes dra – ook syne, en dus ook myne!

Toe kon hy ook verstaan dat dit gaan oor die gevolge van die dinge wat ons nou in Christus het.

- Begryp u die almag van God se genade en hoe dit ook oor u geldig is?
- Hoe beoefen jy nou die gemeenskap met Hom? Waar gaan jou geloof met jou heen?
- Is ons geloof werklik nog in beweging sodat ons op pad is na God toe – só dat ons elke dag groei toon en as ons terugkyk, kan sien dat ons al weer 'n ent gevorder het?

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 4:2 (p. 15)

2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,  
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,  
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,  
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 2 Junie 2013